

15 Julie Psalm 68:1-4; 20-21; 33-36, (Teks: 68:20)

God dra ons

Hoe gaan ons elke lewensdag tegemoet? Daar is rede om elke dag met blydschap in te klee. Psalm 68 vestig ons aandag daarop dat ons "gedra" word. Blydschap, soos in hierdie woorde: "Geloof sy die Here" is elke dag gepas as ons raaksien dat drie vrae in die teksvers beantwoord word.

Op die vraag: "Wie dra?" is die antwoord: "Die Here dra!" In die Bybel is dit nie onbekende taal nie bv. Deut. 32:11. Die Here is onveranderlik in sy sorgsame liefde. Altyd kan ons hiervan seker wees: "Die Here dra!"

Op die vraag: "Wie word gedra?" is die antwoord: "Ons word gedra!" Ons is hulpeloos in ons eie dra-vermoë. Die einde van ons eie krag is gou in sig onder die las van daaglikse bekommernisse en spanninge. Die Here - die Almagtige - kan en wil ons in die lewe dra.

Op die vraag: "Wie dra ons wanneer?" is die antwoord: "Dag na dag dra Hy ons!" Die volk van die Here het in nood verkeer. Omring deur vyande het hulle angstige en spanningsvolle tye beleef. Elke dag kon hulle egter tegemoet gaan in die wete dat God dra. Ons is verseker van God se sorgdraende liefde in Jesus Christus. Wat ook al in ons lewe gebeur, hiervan kan ons altyd seker wees: Vandag, daaglik, van die môre tot die aand en van die aand tot die môre, word ons gedra.

Elke dag gaan ons dan met hierdie blydschap in die Here tegemoet: "Geloof sy die Here!"

Sing: Psalm 68:9

Ds. E.J. Tiemensma (Secunda-Oos)